# PSALM 51

C G Am Em F G C
1. Ontferm Yah - weh, ont - ferm U tog oor my.
F C Dm D G
Ontsluit die bron van U barmhartigheid.
C G Am Em F Dm
Wis uit die smet wat altyd kleef aan my
G C F G C
en maak my siel van sondeskuld weer vry.

C G Am Em F G C
2. Was my geheel tot - my behoudenis.
F C Dm D G
O Yahweh, maak my van my skuld nou vry.
C G Am Em F Dm
Neem weg die kwaad wat voor my oë is
G C F G C
en suiwer my deur alles uit te wis.

C G Am Em F G C
3. Yahweh, U eis - die - waarheid in my hart.
F C Dm D G
Leer my U wysheid, al bring dit ook pyn.
C G Am Em F Dm
Maak my soos sneeu, so - wit en onbevlek;
G C F G C
neem al my sonde weg en maak my rein.

C G Am Em F G C
4. Skep tog vir my, - o - Yahweh, ‘n rein hart;
F C Dm D G
gee dan opnuut in my ‘n vaste gees.
C G Am Em F Dm
Draai tog U aan – ge - sig nie weg van my –
G C F G C
bly altyd by my deur U Heil’ge Gees.

C G Am Em F G C
5. Laat my voortaan - ‘n - bly verloste wees
F C Dm D G
en ondersteun my deur ‘n blye gees.
C G Am Em F Dm
Ek sal oortre - ders van U weë leer
G C F G C
dat elke sondaar hom tot U bekeer.

**C G Am Em F G C**
6. Op - en my mond, ek - wil U lof vertel.
**F C Dm D G**
Geen offerande vra U nou van my –
**C G Am Em F Dm**
slegs ‘n gebro - ke - en verslae hart,
**G C F G C**
wat ek in groot opregtheid aan U wy.

**C G Am Em F G C**
7. Herbou U weer Jer - usalem se muur.
**F C Dm D G**
Laat Sion nou U goedheid ondervind.
**C G Am Em F Dm**
Neem al ons of - fers van geregtigheid
**G C F G C**
in welbehae aan, ons goedgesind.